higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

11 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

544Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

Let wel: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in Afdeling D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of ‘n blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 'n Witskrif is 'n korttermynstrategie-dokument van 'n departement wat inligting en voorstelle oor 'n vraagstuk bevat, met die doel om die bestuur en diens van die departement te rig.

1.2 Herstellende geregtigheid is die erkenning dat misdaad meer as net 'n oortreding teen die staat is; dit is ook 'n wandaad of onreg wat aan 'n ander persoon gedoen word.

1.3 Algemene volwasse stemreg sluit in 'n nasionale gemeenskaplike kiesersrol, gereelde verkiesings en 'n veelpartystelsel van demokratiese regering om verantwoordbaarheid, responsiwiteit en deursigtigheid te verseker.

1.4 Die voorbereidende program rakende seksuele oortredings help oortreders om die moontlike oorsake van hul afwykende gedrag te identifiseer en bemagtig hulle met inligting oor biologiese en seksuele ontwikkeling.

1.5 Private sekuriteitsbeamptes is vredesbeamptes wat dieselfde bevoegdhede as beamptes van die Suid-Afrikaanse Polisiediens het.

1.6 Die Raad op Verbruikersgoedere van Suid-Afrika het ten doel om die impak van misdaad op die kleinhandelbedryf te verminder en te versag.

1.7 Gelykheidshowe verhoor sake ingevolge die Wet op Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie asook ingevolge kulturele en godsdienstige regte.

1.8 Die Handves van Regte is 'n dokument wat die regte van 'n individu met betrekking tot die staat uiteensit.

1.9 Die doeltreffendheid van 'n buurtwag vereis toewyding van individue wat bereid is om deel te neem aan aktiwiteite wat op misdaadvoorkoming fokus.

1.10 Etiek is beginsels wat standaarde van aanvaarbare gedrag stel, en mense wat in die strafregspleging werk, moet op 'n etiese manier optree.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Lewer trefslae oor verskillende datavelde heen en beeld die data in grafiese formaat uit	A	bemagtigende wetgewing
2.2	Nieregeringsorganisasie wat uiters waardevolle dienste aan die gevangenisbevolking lewer	B	gemeenskapspolisiëringsforums
2.3	Skep ’n profiel van ’n gemeenskap deur gemeenskapsbehoeftes te identifiseer	C	Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens
2.4	Kan ’n vonnis handhaaf of verminder of ’n hoër vonnis oplê	D	SABRIC
2.5	Gevangenisstraf wat nie drie jaar oorskry nie of ’n boete wat nie R100 000 oorskry nie	E	Hoogste Hof van Appèl
2.6	Maatskappy sonder winsbejag wat gestig is om georganiseerde misdaad in die bankwese te beveg	F	ondergeskikte wetgewing
2.7	Staatsorganisasies soos die Departement van Onderwys	G	distrikslanddroshof
2.8	Ondernemings in staatsbesit, soos Eskom	H	semistaatsinstellings
2.9	Wette deur die parlement uitgevaardig wat ’n persoon magtig om gesag uit te oefen deur ’n handeling uit te voer	I	Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Herintegrasie van Oortreders
2.10	Delegering van wetgewende bevoegdhede aan die uitvoerende of regsprekende gesag	J	staatsinstellings
		K	Raad op Verbruikersgoedere van Suid-Afrika

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.5.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

misdaadondersoeke; openbare vervolger; wetstoepassing; Militêre Polisie; bewyslas; handelinge en ingrypings; inligtingstrukture/intelligensiestrukture; sektorpolisiëring; Metropolisie; polisiëring; Suid-Afrikaanse Polisiediens

3.1 Die (3.1.1…) berus by die (3.1.2 …) om genoeg getuienis aan die hof te voorsien om te bewys dat die beskuldigde aan misdaad skuldig is. (2 × 1) (2)

3.2 Maatskaplike misdaadvoorkoming sluit in alle (3.2.1...) wat tot ’n veiliger samelewing bydra en (3.2.2…) en misdaadbestryding-inisiatiewe ondersteun. (2 × 1) (2)

3.3 Die (3.3.1…) maak deel uit van die Suid-Afrikaanse Weermag en verrig ’n (3.3.2…) funksie in hul gebied. (2 × 1) (2)

3.4 Die (3.4.1…) het nie die bevoegdheid om (3.4.2…) uit te voer of (3.4.3…) te skep nie, behalwe ten opsigte van interne aangeleenthede. (3)

3.5 (3.5.1) ... moedig sigbare en toeganklike polisiëring deur bekende plaaslike polisiebeamptes aan. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik DRIE funksies van verkeerspolisie met betrekking tot bemagtigende wetgewing. (3)

4.2 Onderskei tussen *verhoorhowe* en *appèlhowe*. (1 + 1) (2)

4.3 Noem NEGE beginsels van sektorpolisiëring. (9)

4.4 Som die onderskeie regsgebiede (jurisdiksies) van die *Hoë Hof* en die *Konstitusionele Hof* op en noem die tipes sake waarmee elke hof gemoeid is. (3 + 3) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

VRAAG 5

HERMIONE CRONJE AAN STUUR VAN ONDERSOEKDIREKTORAAT IN NDOV

President Cyril Ramaphosa het advokaat Hermione Theresa Cronje aangestel as hoof van die ondersoekdirektoraat in die kantoor van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings. Die president het die direktoraat, wat gelykstaande aan die ontbinde Skerpioene is, in Maart tot stand gebring om te fokus op bedrog en korrupsie, asook sake wat uit die kommissie van ondersoek na die staatskaping voortvloei. In Maart 2019 het president Ramaphosa kragtens artikel 7(1) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag 32 van 1998 die stigting van 'n ondersoekdirektoraat in die kantoor van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings afgekondig. President Ramaphosa het advokaat Cronje kragtens artikel 13(1)(b), saamgelees met artikel 14 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, aangestel as 'n ondersoekdirekteur vir 'n tydperk van vyf jaar met ingang van 15 Mei 2019.

Vanaf 1998 tot 2012 het sy in verskeie hoedanighede in die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) van Suid-Afrika gedien as 'n assistent vir die eerste Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, as stigterslid van die Bateverbeuringseenheid, en 10 jaar lank as streekshoof van die Bateverbeuringseenheid in die Wes-Kaap. Gedurende haar laaste jaar by die NVG was sy betrokke by die totstandkoming van die Teenkorrupsietaakspan (TKTS), 'n multiagentskap-taakspan wat gevestig is om persone wat by grootskaalse korrupsie betrokke is, te ondersoek en te vervolg en op hul bates beslag te lê. Sedert 2013 is advokaat Cronje werksaam as 'n konsultant namens die Inisiatief vir die Terugkryging van Gesteelde Bates (StAR) – 'n gesamentlike inisiatief van die Wêreldbank en UNODC. In hierdie hoedanigheid het sy as 'n raadgewer en mentor vir bateverhaling- en teenkorrupsie-eenhede in Tanzanië, Uganda, Namibië, Kenia, Nigerië, Roemenië, Oekraïene, Moldova en Sri Lanka gewerk. Sy is ook 'n praktiserende advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. In 2017 het sy 'n studie van die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad (UNODC) gelei oor die effektiewe bestuur van en beskikking oor bates waarop beslag gelê en wat gekonfiskeer is. Die ondersoekdirektoraat wat sy in haar nuwe rol gaan lei, gaan aandag gee aan statutêre oortredings wat oortredings insluit van die volgende, maar nie daartoe beperk is nie:

- Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede 6 van 2000. Die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1988.
- Die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004.
- Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999
- Die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur 56 van 2003
- Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001.
- Enige ander statutêre oortreding wat oneerlikheid behels.

Daarbenewens sal die direktoraat enige onregmatige aktiwiteite ondersoek wat verband hou met ernstige, hoëprofiel- of komplekse korrupsie insluitend, maar nie daartoe beperk nie, oortredings of misdadige of onregmatige aktiwiteite wat uit huidige kommissies en navrae spruit.

[Aangepas uit: *https://ewn.co.za/2019/05/17/hermione-cronje-to-head-up-the-investigative-directorate-within-ndpp*]

Kopiereg voorbehou

5.1 5.1.1 Verduidelik onder watter omstandighede die staatspresident die nasionale direkteur van openbare vervolging van sy/haar amp mag onthef. (5)

5.1.2 Is Hermione Cronje se aanstelling geregverdig? Staaf jou antwoord deur te verwys na die kwalifikasies vir aanstelling as nasionale direkteur, adjunk- nasionale direkteur of direkteur. (1 + 4) (5)

5.2 Verduidelik VYF rolle van die Nasionale Vervolgingsgesag. (5)

5.3 Verduidelik die doelstellings en doelwitte van die Witskrif oor Veiligheid en Sekuriteit. (6)

5.4 Verduidelik VIER doelwitte van Besigheid teen Misdaad Suid-Afrika (BTMSA). (4)

5.5 Noem EEN misdaadondersoekdiens in die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat die NVG met misdaadondersoek kan bystaan. (1)

5.6 Verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse Bankwese-risiko-inligtingsentrum met die NVG saamwerk om misdaad te verminder. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord VRAAG 6 **OF** VRAAG 7.

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die 12 belangrikste doelwitte van die Departement van Korrektiewe Dienste. (12)

6.2 Verduidelik AGT rolle van ’n buurtwagstelsel as ’n poging om misdadige aktiwiteite in ’n gemeenskap te voorkom. (8)
[20]

OF

VRAAG 7

Noem die VIER pilare van die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie en noem VIER nasionale programme vir elke pilaar. (4 + 16) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou